Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V1

NOVEMBER 2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet beskryf die minimum vereistes vir die indiensnemingskontrak:

A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
C Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
D Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)

1.1.2 Die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS), 1997 (Wet 61 van 1997) bevorder …

A konsultasie in die werkplek.
B veiligheid in die werkplek.
C werknemers se regte in die werkplek.
D diversiteit in die werkplek.

1.1.3 'n Sosiale faktor van die PESTWO-analise wat 'n uitdaging vir Rashid Kabinetmakers inhou, is dat …

A klante nie in staat is om hulle produkte te bekostig nie weens lae inkomstevlakke.
B koste betrokke by die verkryging van 'n handelslisensie, hoog is.
C werknemers nie vaardig is om nuwe toerusting te gebruik nie.
D maatreëls om van hulle afvalstowwe ontslae te raak, duur is.

1.1.4 Daar word van besighede verwag om tot die … fonds as 'n verpligte byvoordeel by te dra.

A pensioen-
B mediese
C voorsorg-
D werkloosheidsversekerings-

1.1.5 Astra Beperk implementeer deurlopende vaardigheidsontwikkeling as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB) wanneer …

A prosedures toegepas word om foute in masjinerie te verminder.
B die menslikehulpbrondepartement gebruik word om aandag te gee aan opleidingsbehoeftes.
C hulle hul strategieë met mededingers deel.
D hulle beter aansporings aan opgeleide werknemers bied.

(5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

keuring; swak punt; openbare betrekkinge; Wet op BBSEB; leerlingskappe; SEB; internskappe; bedreiging; produksie; werwing

1.2.1 Besighede verskaf … aan werknemers deur praktiese opleidings-geleenthede wat tot 'n erkende kwalifikasie lei.

1.2.2 KB Vervoer word deur 'n verhoging in die petrolprys geraak. Dit word as 'n … in die SSGB('SWOT')-ontleding geklassifiseer.

1.2.3 Die … het slegs op drie pilare gefokus wat sommige voorheen benadeelde mense uitgesluit het.

1.2.4 Referente-kontroles word tydens die …-prosedure gedoen om die inhoud van aansoekers se CV's te verifieer.

1.2.5 Die …-funksie is verantwoordelik vir die voorsiening van gereelde persverklarings aan alle belanghebbendes. (5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Wet op Verbruikers-beskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)	A	beskryf die pligte wat vir 'n sekere pos uitgevoer moet word
1.3.2	Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie	B	die byvoeging van nuwe produkte wat nie verband hou met bestaande produkte wat by nuwe klante byval sal vind nie
1.3.3	Konglomerasie-diversifikasie	C	daarop gemik om die produk die eerste keer reg te kry
1.3.4	Posspesifikasie	D	bevorder die veiligheid van klante deur hulle teen gevaarlike produkte te beskerm
1.3.5	Gehalteversekering	E	verbeter die gebruik van die Nasionale Vaardigheidsfonds
		F	die byvoeging van nuwe produkte wat verband hou met bestaande produkte wat by nuwe klante byval sal vind
		G	bevorder handelsnaamprodukte wat deur klante verkies word
		H	verbeter die verskaffing van vaardighede wat die land regstreeks bevoordeel
		I	beskryf die aanvaarbare kwalifikasies vir 'n sekere pos
		J	daarop gemik om 'n raamwerk vir organisatoriese prosesse te verskaf

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER verbruikersregte soos in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) gestipuleer. (4)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BESTE BLIKKE (BB)

Beste Blikke vervaardig 'n verskeidenheid van blikkieskos. BB het klante aan Damian Blikke afgestaan, want hulle produkte is van 'n hoë gehalte. Die winsgewendheid van BB het afgeneem weens swak bestuursvaardighede. Beste Blikke het geld teen 'n hoë rentekoers by die bank geleen.

2.2.1 Haal DRIE uitdagings vir BB uit die scenario hierbo aan. (3)

2.2.2 Klassifiseer BB se uitdagings volgens die DRIE besigheidsomgewings. (3)

2.2.3 Noem die mate van beheer wat BB oor ELKE besigheidsomgewing het wat in VRAAG 2.2.2 geklassifiseer is. (3)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.2.1 tot 2.2.3 te beantwoord.

UITDAGINGS (2.2.1)	BESIGHEIDS-OMGEWINGS (2.2.2)	MATE VAN BEHEER (2.2.3)
1.		
2.		
3.		

2.3 Verduidelik die regte van werkgewers in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (4)

2.4 Bespreek die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BEYERS SPEELGOED (BS)

Beyers Speelgoed ervaar 'n afname in verkope weens 'n afname in die aanvraag na hulle produkte. Hulle het sommige onproduktiewe bates verkoop om skulde af te betaal. BS het ook die doeltreffendheid van hulle gekose strategie geëvalueer.

2.5.1 Identifiseer die soort defensiewe strategie wat BS toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.5.2 Gee besighede raad oor die stappe in strategie-evaluering. (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.6 Verduidelik die implikasies van enige TWEE pilare van die Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) op besighede. (6)

2.7 Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat die ekonomiese faktore van die PESTWO-analise inhou, kan hanteer. (4)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)

3.2 Beskryf kortliks die verskil tussen *stukwerk-* en *tydverwante* salarisbepalingsmetodes. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MZAMO HANDELAARS (MH)
Mzamo Handelaars het 'n vakante posisie vir 'n winkelbestuurder. MH het die vakature in plaaslike koerante geadverteer. Hulle het kandidate op die kortlys vir 'n onderhoud genooi.

3.3.1 Noem die werwingsmetode wat deur MH in die scenario hierbo gebruik is. (2)

3.3.2 Verduidelik die rol van die aansoeker tydens die onderhoud. (4)

3.4 Bespreek die impak van byvoordele op besighede. (6)

3.5 Brei uit oor die betekenis van *gehaltebeheer.* (4)

3.6 Verduidelik hoe gehalte van prestasie van die produksiefunksie tot die sukses van die besigheid kan bydra. (4)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

VILLE BEPERK (VB)
Ville Beperk vervaardig elektriese komponente vir verskeie besighede. VB kan dit bekostig om grondstowwe en toerusting van gehalte aan te koop om foutiewe produkte te voorkom. Hulle bevorder ook 'n positiewe besigheidsbeeld deur in die behoeftes van hulle kopers te voorsien.

Identifiseer TWEE elemente van totale gehaltebestuur (TGB) wat deur VB toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.7 te beantwoord.

TGB-ELEMENTE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.8 Gee besighede raad oor die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (6)

[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige TWEE tipes besigheidsektore. (2)

4.2 Identifiseer die verlofbepaling soos gestipuleer in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) van toepassing op TD Rekenmeesters in ELKE stelling hieronder.

4.2.1 Werknemers ontvang 'n maksimum van vyf dae verlof in die geval van die dood van 'n nabye familielid. (2)

4.2.2 Mediese sertifikate moet deur werknemers ingedien word wanneer hulle vir meer as twee opeenvolgende dae weens siekte by die werk afwesig is. (2)

4.3 Verduidelik hoe die Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's) befonds word. (4)

4.4 Bespreek enige TWEE soorte integrasiestrategieë. (6)

4.5 Gee besighede raad oor die maniere waarop hulle aan die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) kan voldoen. (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.6 Beskryf kortliks die doel van induksie. (6)

4.7 Verduidelik die plasingsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (4)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

UNIEKE BOETIEK (UB)

Unieke Boetiek is bekend vir hulle goeie gehaltebestuurstelsel. UB verhoog hulle produktiwiteit deur behoorlike tydsbestuur. Bestuur hou jaarlikse algemene vergaderings met alle eksterne belanghebbendes. Hulle bied gereelde opleiding aan om die gehalte van werknemers se vaardighede te verbeter.

4.8.1 Haal TWEE voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel uit die scenario hierbo aan. (2)

4.8.2 Verduidelik ander voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

4.9 Stel maniere voor waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Suksesvolle besighede implementeer die proses van strategiese bestuur om interne bedrywighede te verbeter. Porter se Vyf Kragte-model stel besighede in staat om hulle posisie in die mark te analiseer. Sommige besighede gebruik intensiewe en diversifikasiestrategieë om uitdagings wat die besigheidsomgewings inhou, te hanteer.

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die *proses van strategiese bestuur*.
- Verduidelik hoe besighede die volgende kragte van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hulle posisie in die markomgewing te analiseer:
  - Krag van kopers
  - Krag van mededingers/Mededingende wedywering
- Bespreek DRIE soorte intensiewe strategieë.
- Gee besighede raad oor die voordele van diversifikasiestrategieë. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

Gehaltebestuur en gehalteprestasie speel 'n belangrike rol om tot die sukses van besighede by te dra. Die toepassing van die BDKH-model verbeter die gehalte van produkte. Swak implementering van totale gehaltebestuur (TGB) het 'n negatiewe impak op besigheidsbedrywighede. Besighede moet hulle bemarkings- en administrasiefunksies verbeter.

Skryf 'n opstel oor gehalte van prestasie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*.
- Verduidelik hoe besighede die BDKH-model/-stappe kan toepas om die gehalte van hulle produkte te verbeter.
- Bespreek die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien besighede dit swak implementeer.
- Gee besighede raad oor die gehalteaanwysers van die volgende besigheidsfunksies:
  - Bemarkingsfunksie
  - Administrasiefunksie **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou